St. Francis Links-gholfoord kry nóg 200 wonings by

Nóg 'n beleggingsgeleentheid wink in die Oos-Kaap met die bekendstelling van 'n verdere 200 luukse wonings in die St. Francis Links-gholfontwikkeling by St. Francisbaai.

Altesame 48 van dié huise op die Fijnbos-landgoed, is opsygesit vir deelbesit en kopers kan pakkette kies wat opsies insluit soos 'n jetski, 'n vierwielvoertuig en 'n persoonlike hoofbediende.

Volgens mnr. Lloyd Cornwall van Pin High Estates, wat Fijnbos bemark, is daar op dié opsies vir deelbesit besluit nadat terugvoer ontvang is van belangstellende internasionale beleggers en van elders in Suid-Afrika.

Dié uitsonderlike diens beteken eienaars se spens en yskas sal volgens hul vereistes gevul word voor hulle arriveer. Hulle kan by die Port Elizabethse lughawe opgelaai word en 'n sjef kan solank 'n ete in hul eie huis voorberei om hulle welkom te heet, sê Cornwall in 'n verklaring.

Die Three Cities-hotelgroep wat die restaurant by die St. Francis Links-gholfklub bedryf, behartig ook die spysenieringsdiens.

Die laedigtheid- residensiële Fijnbos-landgoed sal op 'n perseel van 55 ha naby die 14de bof van die gholfbaan gevestig word.

Sedert die bekendstelling verlede Desember van die eerste fase van die gholfontwikkeling, is byna al die persele wat aan die gholfbaan grens, verkoop. Volgens Cornwall is daar ook groot belangstelling in Fijnbos omdat dit in 'n baie mooi natuurgebied is.

Streng riglyne heers om die natuurgebied te bewaar. Uitheemse plantegroei op die gholflandgoed word uitgeroei sodat die natuurlike fynbos kan herstel.

Belangstelling is reeds van so ver as Brittanje getoon en van die erwe is verkoop voor die amptelike bekendstelling op Donderdag 6 Desember. Cornwall sê dit gaan nie net oor 'n eiendom op 'n gholflandgoed nie, maar dit is ook binne 'n paar uur se ry van natuurgebiede soos die Nasionale Addo-olifantpark en die Baviaanskloof.

Mnr. Stephen Rademeyer van Syndation, wat die bemarking van die deelbesit behartig, sê in die verklaring daar is 'n keuse van drie enkelverdieping- en drie dubbelverdieping-vloerplanne. Dit wissel van eenhede met twee slaapkamers en twee badkamers, tot vier slaapkamers met vier badkamers.

Alle wonings sal 'n oopplan-kombuis, en leef- en eetvertrekke hê. 'n Dubbel- of 'n enkelmotorhuis is beskikbaar en elke huis het 'n houtdek as buite-onthaalgebied.

'n Tweeslaapkamer-eenheid vir deelbesit kos vanaf R270 000. Dit bied die eienaar 'n maand per jaar in Fijnbos en lidmaatskap van die gholfklub. Dié eenheid kan aan jou kinders oorgedra of verkoop word.

Ingesluit by die koopprys van 'n huis of deelbesit is lidmaatskap van die gholfklub ter waarde van R200 000. Lidmaatskap behels volle toegang tot die klubhuis, hotel, gholfakademie en oefenbaan, asook wisselwerking met ander Jack Nicklaus-gholfbane in Suid-Afrika soos Pecanwood (Hartbeespoort), Pearl Valley (Paarl) en Simola (Knysna).